REISA
Renewable Energy Investments South Africa

# KWARTAAL 1 2023 NUUSBRIEF








## Projek vir muntoutomate vir **sanitêre doekies**

Ons is trots om muntoutomate vir sanitêre doekies in vier skole in die Gamagara plaaslike omgewing te kon installeer. Die doel van hierdie inisiatief is om te verseker dat meisies toegang tot gratis sanitêre produkte het sodat afwesigheid uit die skool as gevolg van maandstondes verminder kan word.

Tydens die bekendstelling het meisies ook na 'n praatjie oor goeie higiëne deur die maatskaplike werkers van die Boipelo-hulpbronsentrum geluister. Die muntoutomate is gebruikersvriendelik en het nie elektrisiteit nodig om te funksioneer nie.

"Ons is dankbaar om die muntoutomaat vir sanitêre doekies te kon ontvang. Die waardigheid van ons meisies is weer herstel en ons leerders voel geëerd en waardeer die verskil wat REISA in hulle lewens maak," **sê Bonolo Mosimanegape, visehoof van die Sishen Intermediêre Mynskool.**



## Ondersteuning vir Simba **VKO-sentrum**

Vroeër hierdie jaar het ons opvoedkundige speelgoed, stoele en tafels aan Simba Kleuter Liefie in Olifantshoek oorhandig. Hierdie skenking het 'n beduidende verskil aan die skool en die lewens van jong leerders gemaak.

**Connie Olyn, hoof by Simba Kleuter Liefie, het haar opregte waardering oorgedra en gesê:** "Namens almal by Simba Kleuter Liefie wil ons ons opregte waardering aan REISA oordra vir die wonderlike steun wat hulle ruimhartig aan ons verskaf het. Die skenking van opvoedkundige speelgoed en 'n Jo-Jo-tenk het 'n groot verskil aan ons skool en jong leerders gemaak."

Hierdie inisiatief is deel van ons verbintenis om te verseker dat ons plaaslike VKO genoeg steun kry om doeltreffend bedryf te word.

## Toppresteerders van die **matriekklas van 2022**



REISA het onlangs die toppresteerders van die matriekklas van 2022 se prestasies gevier deur skootrekenaars aan die topvyf leerders in drie hoërskole in die Gamagara Plaaslike Munisipaliteit, naamlik die Kathu, Gamagara en Langberg Hoërskool, te skenk.

Die skootrekenaars sal die leerders met hulle studies help, en ook diegene help wat nie tans by enige instelling ingeskryf is nie om vir toelating vir volgende jaar aansoek te doen. Die toekenningseremonie is gehou ter motivering en aanmoediging van ander leerders om hulle skooljaar te voltooi en te streef om toppresteerders te word.

**Pedro Neels, een van die toppresteerders van Langberg Hoërskool, het sy waardering uitgespreek en gesê** "Namens die Langberg-leerders wil ek REISA vir die wonderlike geskenk bedank. Ons weet dit gaan nuttig wees, en ons sal baie daarmee kan vermag. Ons waardeer dit geweldig, en versoek REISA om voort te gaan om hulle bes vir ons leerders te doen."




## REISA se **Besigheidskern-programme**

Agt KMMO's wat ingeskryf is vir ons "Pre-prosperator"-program, wat by REISA se Besigheidskern aangebied word, gaan in die middel van die jaar gradueer.

Die program is ontwerp vir KMMO's wat nuwelinge in die sakewêreld is en dit help aspirant-entrepreneurs om 'n beter begrip van hulle besigheid se saak te ontwikkel deur 'n besigheid-dinkdokument saam te stel.

**Een van die deelnemers, Onalenna Johnny van Ewoman Power Trading & Projects (Pty) Ltd, het haar ervaring gedeel:** "Die program was uitdagend maar ongelooflik insiggewend. Dit het my kennis geweldig verryk en my belangrikste uitdagings hanteer, insluitend om 'n mededingende mark te betree en goeie finansiële bestuur te implementeer. Ek beweeg nou met vertroue in die regte rigting en is vasberade om 'n positiewe impak op die lewens van werkloses te maak."

## 2023 **Gemeenskaps-vergaderings**

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op REISA se aanlynplatforms deurgegee word.

## Ekonomiese Besteding **Kwartaal 1 2023**

- Ondernemingsontwikkeling
- Onderwys
- Jeugvaardigheidsontwikkeling **(0%)**
- Welsyn




## Kontak **Ons**

REISAcommunity

Dynlog Bestuursontwikkeling Gebou
Blok B, Grondvloer, Kantoor 1
Kameeldoring Besigheidsone, Kathu, 8446

**Kantoorure:**
Maandag – Donderdag: 08:00 – 16:30
Vrydag: 08:00 – 15:00
Kantoor | 053 723 1146

**Gemeenskapskakelbeampte**
Nomfundo Mpompo
Office | 053 723 1146
Nomfundo.mpompo@eimsafrica.com